**Back 2 Basics – deel 7e**

**Verstaan die seisoene van God: Winter**

**Patrick J van Rensburg**

**Winter**

Die seisoen van dood – gekenmerk deur droë bome. ‘n Tydperk van geen groei nie. ‘n Tydperk waarin die sonlig skaars is.‘n Tyd waarin die grond te hard is om te bewerk, dit te koud is om te plant.

The season of in-depth planning. A time to focus on what must be done in the remaining three seasons of the year. Step by step planning, lay out plans and establish goals.

Die seisoen dui die beste op die werk van die Apostel, die een wat gestuur word, wat beplan, die een wat die voorbereiding van die land behoorlik beplan. Die een met die visie van die oes.

**Winter in jou Geestelike Lewe**

Sukkel om met die Here te kommunikeer.Vind dit moeilik om te bid.Verstaan nie waardeur jy gaan nie.Sukkel om deur te breek.Voel magteloos en gefrusteer. Tye wanneer mense voel dat God hul verlaat het.

**Die winter in Naaman se lewe**

2Ki 5:1 En Naäman, die leërowerste van die koning van Aram, was ‘n groot man voor sy heer en hoog in aansien; want deur hom het die HERE aan die Arameërs ‘n oorwinning gegee; en die man was ‘n dapper held, maar melaats.

Die MAAR verwys na die Winter in Naaman se lewe.

**Die man was 'n dapper held, maar melaats (Winter)**

Sy winter – melaatsheid.

"Ag, was my heer maar net by die profeet wat in Samaría is, dan sou hy sy melaatsheid wegneem."

Die profeet was in 'n vreemde land.

2 Kon 5:7 Sodra die koning van Israel die brief gelees het, skeur hy sy klere en sê: Is ek dan God, om dood en lewend te maak, dat hierdie man na my stuur om van 'n man sy melaatsheid weg te neem? Erken en sien tog net hoedat hy 'n geleentheid teen my soek.

2 Kon 5:11 Maar Naäman het baie kwaad geword en weggegaan en gesê: Kyk, ek het gedink: Hy sal sekerlik na my uitkom en staan en die Naam van die HERE sy God aanroep en sy hand oor die plek heen en weer beweeg en die melaatsheid wegneem.

2Kon 5:12 Is Abána en Farpar, die riviere van Damaskus, nie beter as al die waters van Israel nie? Kon ek my nie daarin was en rein word nie? En hy het omgedraai en vererg weggery.

Voordat jy groot en 'n dapper held kan wees, moet jy probleme en moeilikhede kan deur staan.Jy moet jou winters kan deurstaan.Baie wil dit te gemaklik hê.

Om buitengewoon te wees beteken dat ons die krisisse van die lewe moet kan deurstaan.Was jy al ooit in 'n krisis?Weet jy wat dit is om in die winter van jou lewe te wees.Weet jy wat dit is om melaats te wees, alleen, afgesonder, buite die stadpoorte te sit. Dit voel of almal jou vergeet het.

Tallose mense is op enige dag in ‘n krisis gedompel.‘n Krisis is ‘n keerpunt ten goede of ten kwade.God het ‘n plan met elke krisis.

Ten spyte daarvan dat Naaman ‘n dapper held was en God met hom was, was Naaman melaats. ALMAL VAN ONS HET ‘N **MAAR** IN ONS LEWE.

God wil elkeen van ons uitsonderlik maak.Met ‘n uitsonderlike uitkoms.MAAR jy moet deur ‘n buitengewone situasie gaan.In die Ou-Testament was niemand ooit deur melaatsheid genees nie. Hier was die eerste.

Hierdie situasie waarin Naaman is, is ’n ideale omstandigheid vir God om ’n wonderwerk te doen.Jou winter is ’n ideale omstandigheid vir God om ’n wonderwerk te doen.Staan op die Woord van God.

2Kon 5:13 Toe kom sy dienaars nader en spreek met hom en sê: My vader, as die profeet u ‘n groot saak beveel het, sou u dit nie doen nie? Hoeveel te meer nou dat hy u gesê het: Was jou, en jy sal rein word? 2Kon 5:14 Daarop het hy afgeklim en sewe maal in die Jordaan ondergeduik volgens die woord van die man van God, en sy vlees het teruggekeer soos die vlees van ‘n jong seun, en hy het rein geword.

1Pe 4:12 Friends, when life gets really difficult, don't jump to the conclusion that God isn't on the job.1Pe 4:13 Instead, be glad that you are in the very thick of what Christ experienced. This is a spiritual refining process, with glory just around the corner.

**Oorkom die winter**

Psa 34:18 If your heart is broken, you'll find GOD right there; if you're kicked in the gut, he'll help you catch your breath.

Psa 34:18 “The Lord is close to the brokenhearted; he rescues those who are crushed in spirit.”

“Your most profound and intimate experiences of worship will likely be in your darkest days – when your heart is broken, when you feel abandoned, when you’re out of options, when pain is great, and you turn to God alone. It is during suffering that we learn to pray our most authentic, heart felt, honest-to-God prayers.  When we’re in pain, we don’t have the energy for superficial prayers.” Rick Warren”

You’ll never know that God is all you need until God is all you’ve got.

Rom 8:28  En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.

“En ons weet”  - In tye van krisis weet ons dat God in beheer is.  Hy is geheel en al in beheer.

“God alles” – Alles in jou lewe.  God sluit alles in jou lewe in, alles wat met jou gebeur, jou foute, mislukkings, siektes, seerkry, en krisisse.

“meewerk” Nie onafhanklik van mekaar nie, interafhanklik van mekaar. – (Dit is soos koekbak)

Rom 8:28  En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.

“ten goede” Dit verklaar nie dat alles in die lewe goed is nie.  Alles wat met ons gebeur is nie altyd goed nie, maar God spesialiseer daarin om alles ten goede te laat meewerk.

“Vir die wat God lief het.” -  Hierdie belofte is slegs vir die kind van God.  Dit is nie vir elkeen nie.

“Vir hulle wat na sy voorneme geroep is” – Wat is die voorneme / doel? Om soos Christus te word.